7
Fasette
van senior kategese

7 Fasette
van senior kategese

‘n Mens kan die veelkantigheid van kategese beskryf met drie doelwitte en vier metafore.

3 Doelwitte: Wat wil ons regkry met kategese?

4 Metafore: Hoe moet die materiaal lyk?

Ds Wynand van Niekerk
Voorsitter/Sameroeper
Taakspan vir Kategese: Belydenisfase

WATTER KATEGESEREEKS SAL DIE BESTE WEES VIR JOU GEMEENTE?

KENNIS-KATEGESE

Hierdie hulpmiddels help jou om Bybelkennis aan die kinders en jongmense oor te dra en hulle in hulle geloof te onderrig.
Elke graad het ’n doenboek vir die kinders of ’n gespreksgids vir die jongmense en ’n aanbiedersgids vir jou.

KEUSE-KATEGESE

Hierdie reeks hulpmiddels help jou om die kinders en jongmense te lei om op ’n interaktiewe manier self meer oor God en hulle geloof te ontdek.
Die deelnemersgidse bevat ’n wye reeks saamdoen- en ontdekkingsaktiwiteite.

TEMA-KATEGESE

Hierdie kort kursusse help jou om oor spesifieke onderwerpe of temas kategese te hou.
Daar is 10 ontmoetings per onderwerp wat geskik is vir ’n kwartaal.
Ons voorsien ’n gids vir deelnemers en begeleiding vir aanbieders.

3 Doelwitte:

Wat wil ons regkry met kategese?

Ons soek materiaal wat jongmense se aandag hou. Ons soek begeleiers wat weet wat hulle doen. Ons soek ander materiaal. Ons soek duidelikheid oor die doel van kategese.

Die vinnige antwoord op die vraag hierbo is natuurlik dat ons mense wil help om in hulle geloofsverhouding met God te ontwikkel. Hierdie ontwikkeling van geloof in ’n mens se verhouding met God staan as geloofsvorming bekend.

Die doel van geloofsvorming is om drie dinge in jongmense se lewe te bewerk:

1. Creed to believe.
2. Code for the road.
3. Dream to esteem.

Dit is ’n lewenslange proses waarvan kategese slegs ’n deel is.

Those who teach
must be teachable.

CROFT M. PENTZ

3 Doelwitte:

Wat wil ons regkry met kategese?

#1

Creed to believe

Ons wil aan die jongmense se geloof diepte gee deur hulle te help om oor verskillende onderwerpe na te dink.

#2

Code for the road

Ons wil vir hulle hulpmiddels gee wat hulle sal help om die uitdagings van die lewe aan te pak en te oorwin.



#3

Dream to esteem

Ons wil hulle help om ’n droom
in hulle verhouding met die Here na te jaag.



4 Metafore:

Hoe moet die materiaal lyk?

As gemeentes behoort ons ons af te vra wat nodig is om geloofsvorming in alle fasette te laat plaasvind. Ek (en die Kategese-taakspan) dink ’n gemeente behoort op vier dinge te fokus. Dit word verduidelik aan die hand van vier metafore:

#1
’n Kompas

’n Kompas help ’n mens om rigting te vind. Anders as wat ‘n GPS ‘n mens wil laat glo, is paaie nie vasgelê nie. ’n Mens moet gereeld kyk en seker maak dat jy steeds in die regte rigting beweeg. Uitdagings in die lewe werk ook so. Daar is nie altyd ’n klinkklaar en duidelike pad deur ons uitdagings nie. Gelowiges het ’n interne kompas wat hulle help om die rigting deur die uitdagings en probleme in die wêreld te vind.



’n Leermeester kan nie vir ’n studente die antwoorde op elke liewe uitdaging gee nie. Hulle kan eerder studente help om hulle keuses op grond van goeie waardes te neem. Hierdie onderskeidingsvermoë is diep gesetel in ’n verhouding met God.

#2

’n Geloofsvenster

Ons loer deur die venster na die vrae en antwoorde waarmee die kerk deur al die jare heen worstel. ’n Mens is geneig om jongmense te vra om die agenda vir gesprekke in die kategese te bepaal. Kom ons praat oor dit waaroor ‘hulle’ wil praat. Dit is ’n wispelturige manier om ’n kurrikulum te bepaal. Van wanneer af weet ons regtig presies wat ons nodig het?

Jongmense behoort ’n basiese begrip van hulle geloofsinhoud te hê.



BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#3

’n Metronoom

Gelowiges het bepaalde ritmes in hulle geloof.
Ons vier feeste, tradisies en sakramente.

Jongmense moet deel van hierdie ritmes word.

#4

’n Vergrootglas

Jongmense moet “inzoem” op die Bybel en ’n begrip van die groot storielyne ontwikkel. Hulle behoort ook ’n basiese kennis te hê om die Bybel verantwoordelik te lees.

Audiovisually-oriented people were being born, and we could no longer speak to them as we had spoken in the past.

McLuhan

Wat is die rol van huisgeloof?

’n Halfuur in ’n byeenkoms is nie genoeg om al hierdie komponente vas te lê nie, veral omdat geloofsvorming in alle aspekte van ’n mens se lewe plaasvind. By die huis word jongmense se geloof gevorm. Goed of sleg. By die skool, langs die sportveld en selfs voor die skerms word ’n mens se geloof gevorm. Indien ons ernstig oor geloofsvorming is, behoort gemeentes lidmate te ondersteun om in al hierdie fasette gesonde geloofsvorming te ervaar. Dit beteken dat die kerk vir gelowiges gereedskap gee om in elke situasie gesond in die geloof gevorm te word.

Herontdek

Jesus aan jou familietafel

Vennote

Groei en ontwikkel

Om dit alles reg te kry is die ouers, gemeentes, gemeenteleierskap, die sinodale taakspan en Bybel-Media almal vennote te wees.